



Die papierpoppie-storie

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Hulle het van heinde en ver in Pretoria aangekom – van Outeniqua en die Strand, Port Elizabeth en Richardsbaai, Mpumalanga, Noord-Kaap, Sasolburg, Groblersdal, Phalaborwa, van oral in ons land. *Die papierpoppies.*

Op hul magies was honderde en honderde Bybelversies geskryf – van Genesis tot Openbaring. Sommige Bybelversies was met kinderhandjies geskryf – krom en skeef. Ander was netjies getik of in mooi sierskrif geskryf. Daar was groot poppies en klein poppies – kleurvolle, geverfde poppies, en ander is met sorg ingekleur. Sommige het soos engeltjies gelyk en ander het mooi materiaalrokkies en broekies gedra. Party het selfs gespog met wol-kapsels. Elke papierpoppie (en daar was honderde!) se daarwees het getuig van moeite en liefde.

Hoe is die papierpoppies gebore? Gedurende grendeltyd het lede van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering, by name dr Martin Jansen van Rensburg en diak Andries Pretorius, met 'n briljante idee vorendag gekom. Hulle wou graag die boodskap van Hoop, Eenheid en Welwillendheid (al is ons vasgekleuster in ons eie huise!) herbevestig. Die ontvanklikste vir hierdie kragtige boodskap is 'n kind.

Daar is besluit om al die kinders in ons Kerk te vra om op Jeugdag, 16 Junie, papierpoppies te maak en gedeeltes van die Bybel op elke poppie te skryf. Elke gemeente het gedeeltes uit Bybelboeke gekry om neer te skryf. So is daar weer 'n hele paar Bybelboeke gelees wat andersins agter in die ry staan. Baie gesinne oral in die land het in die veilige ruimte van hul eie huise gelees, geskryf en papierpoppies gemaak. Foto's is gedeel. Sommige gemeentes het die papierpoppies in hul kerke en selfs rondom hul kerke uitgestal.

Gedagtig aan die viering van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se 200ste verjaardag die naweek van 22-23 Augustus, het ek die groot werk begin om al die papierpoppies bymekaar te maak om uit te stal. Die reaksie was oorweldigend. Van oral het daar papierpoppies gekom. Groot moeite is gedoen om te sorg dat hierdie poppies in Pretoria arriveer. Die papierpoppies is Saterdag 22 Augustus oral by die Bybelhuis in Kempton Park vertoon.

Die mure voor die Bybelhuis was vol poppies, die heining was versier met poppies, niemand kon by die ingang ingaan sonder om in 'n papierpoppie vas te loop nie. Ek het Saterdag verstaan wat die Emmausgangers bedoel het toe hulle ná hul ontmoeting met Jesus vir mekaar gesê het: *Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat het en vir ons die Skrif uitgelê het nie?* (Luk 24: 32). My hart het warm geword toe ek sien hoe mense moeite doen om stil te staan, die poppies te bekyk en die Bybelversies te lees. Nog warmer as mense gevra het: *En die poppies?* Ek kon die mooi storie vertel van kinders van my Kerk wat oral in die land moeite gedoen het om papierpoppies te skep wat die boodskap van Hoop verkondig.

Dalk het ons dit juis nodig om in hierdie deurmekaar tyd waarin ons ons bevind, weer vir mekaar Hoop-stories te vertel en Hoop-stories te doen. 'n Eenvoudige papierpoppie (nee, honderde daarvan!) het my weer laat besef dat Hoop soms op verrassende plekke en op die onmoontlikste maniere te vind is. Dankie aan elkeen wat deel gehad het aan die mooi papierpoppie-storie!

Dr Sanrie de Beer, Bybelgenootskap

Lief en leed



Ds Paul Jooste

- Die **roudiens** van emerituspredikant **ds PP (Paul) Jooste**, wat Dinsdag 18 Augustus in die ouderdom van 77 jaar aan Covid-19 oorlede is, vind **Saterdag 29 Augustus** om 11:00 plaas vanuit die kerkgebou van Gemeente Swartkop. Die voorgeskrewe beperkings ten opsigte van die hoeveelheid begrafnisgangers moet steeds gehandhaaf word, en die diens is reeds volbespreek. U is egter welkom om in te skakel op die gemeente se YouTube-kanaal, NHKA Swartkop, of kontak dr Hein Delpont gerus by hmdelpont@telkomsa.net vir enige tegniese navrae. Dr André Ungerer, voorsitter van die Kommissie van die AKV, sal die diens bywoon.

- **Diak Andries Pretorius en dr Martin Jansen van Rensburg** staan trots voor 'n gedeelte van die papierpoppies-uitstalling by die Bybelgenootskap se Bybelhuis in Kempton Park. Dié projek van die Algemene Diakensvergadering en die Bybelgenootskap waarvan dr Sanrie de Beer op die voorblad van hierdie uitgawe vertel, is verlede naweek gepas afgesluit met hierdie uitstalling.



- **Die volgende predikante verjaar tot 4 September, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 27 Augustus: Prof JH (Johan) Koekemoer (emeritus)
- Vrydag 28 Augustus: Ds GC (Gert) van Staden (emeritus)
- Saterdag 29 Augustus: Ds J (Jan) van Immerzeel (emeritus)
- Maandag 31 Augustus: Ds J (Juan) de Beer (Parys)
- Dinsdag 1 September: Ds WRT (Tertius) Hindley (emeritus) en prof PJ (Pierre) Jordaan (Wonderfontein)
- Donderdag 3 September: Ds JM (Marthinus) van Staden (Klerksdorp-Doringkruin)
- Vrydag 4 September: Ds MD (Giel) Malan (Wonderboompoort)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Algerië:** Bid dat die druk wat die owerhede op die kerke en die Bybelgenootskap plaas, sal verminder. Bid dat die Bybelgenootskap sal kan voortgaan om in hierdie land te werk.
- **Egipte:** Bid vir ons terwyl ons voortgaan om ons werksaamhede in Bybelverspreiding en Bybelbetrokkenheid uit te brei. Bid vir ons fondsinsamelingspogings om Bybelhulpmiddels beskikbaar te maak en om broodnodige programme vir Bybelbetrokkenheid aan te bied.
- **Tunisië:** Bid dat God die pad vir Bybelwerk in Tunisië sal oopmaak. Bid dat hoewel die Bybelgenootskap nog nie hier werksaam is nie, die Woord nietemin die harte van die mense sal aanraak.
- **Marokko:** Dank die Here dat dit moontlik is om Bybelwerk hier te doen. Bid dat die Bybelgenootskap se werk 'n impak sal hê en alle mense, maar veral jongmense en kinders, Bybelse beginsels sal leer.

Gemeentes en bediening



Ds Maryka Potgieter

- **Ds M (Maryka) Potgieter** van Newlands (deeltyds) het 'n beroep ontvang na Witfield (deeltyds).
- **Prof Biëks Beukes** vra dat ons die volgende plaas: *Baie dankie aan almal wat inligting gestuur het met betrekking tot die vroue wat eerste in ons Kerk bevestig is as diakens. Ons het egter geen inligting ontvang oor die eerste vroue-ouderlinge nie. Sodanige inligting kan steeds aan my per WhatsApp gestuur word, na 072 036 4960.*

- **Die Kerkargief is weer sedert 4 Augustus oop vir navorsing.** Die Hervormde Kerkargief is sedert 2017 in die Erfenissentrum op die terrein van die Voortrekkermonument gevestig. Navorsers wat die Kerkargief wil besoek, moet vooraf **per e-pos (argief@nhk.co.za)** met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, 'n afspraak maak; hulle sal ingelig word oor die nodige reëlings. Geen toevallige besoekers sal in hierdie stadium geakkommodeer kan word nie. Alle aanvrae vir huweliksafskrifte of Argiefmateriaal word ook net **skriftelik** hanteer. Die Kerkargief sal van **Dinsdae tot Donderdae 09:00-15:00** oop wees vir navorsing, slegs per afspraak. Daar sal deur die argivaris voorsiening gemaak word vir handreiniger, asook vir die invul van 'n vraelys, en vir inligting per e-pos wat toegang by die Voortrekkermonument se hek sal verleen.
- **Gemeente Bronkhorstspuit** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis met ingang van 1 Januarie 2021**. Die orrelis is verantwoordelik vir die begeleiding by die erediens elke Sondag om 09:00, en erediens op kerklike feesdae. Aansoekers moet 'n gepaste musiekkwalifikasie hê en vertrou wees met 'n groot 3-manuaal-orrel. Ondervinding van die begeleiding van gemeentesang is 'n vereiste. Die vergoeding is onderhandelbaar na aanleiding van die aansoeker se kwalifikasies. Reiskoste sal deel uitmaak van die vergoeding. Aansoekers sal genooi word vir onderhoude. Navrae kan gerig word aan Gerda Theunissen by 013 932 2929 of **nhbhs@nhk.co.za**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2020.**

Vergaderings

- Donderdag 27 Augustus: Rata Bestuur Werkwinkel
Ons Tuis Direksie
- Saterdag 29 Augustus: Kommissie van die ADV
- Woensdag 2 September: Kinderhuise Dagbestuur
- Donderdag 3 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 4 September: Kommissie van die AKV

Kerklike publikasies

Bybelse Dagboek / Almanak 2020
R185 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk en 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

'n Bybelse tydlyn
Brei jou Bybelkennis uit
Ideaal vir kategeese

3 x A2-glansplakkate
Soos in *Die Hervormer* van
April, Mei en Junie 2020

R75 (versending uitgesluit)
per stel van 3

Bestel van Sarie Roux by sentik@nhk.co.za



- Lees by <https://www.litnet.co.za/middeleuse-filosofie-n-onderhoud-met-johann-beukes/> die **onderhoud** wat Johann Rossouw gevoer het met **prof Johann Beukes** oor sy boeke, *Middeleuse Filosofie* (Pretoria: Akademia, 2020; 'n omvangryke werk in twee volumes wat 148 hoofstukke bestryk) en *Foucault in Iran, 1978-1979* (Kaapstad: AOSIS, 2020).

'n Gedig

Ouma se herinneringe

Vir jare was die plaashuis 'n omhulsel
wat bedek, die sandsteenstoep
'n skuilplek teen die reën.

Geslagte later was dit vervreem
van stemme en het die hemel sy dak
geword. Sy verloop volrond tot stof en grond.

Noudat dieselfde stories haar gedurig besoek
staan sy snags in haar gedagtes in elke vertrek stil,
skakel sy hoopvol die ligte aan

voordat die dae kom dat haar gloeilamp uitdoof
en haar ragfyn draadjie breek.

Marthe McCloud

(Uit: AVBOB Poësieprojek | avbobpoetry.co.za)

Barmhartigheid

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoning** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
2 eenslaapkamerwoningstelle te koop teen R520 000
1 eenmanwoningstel te koop teen R510 000
1 eenslaapkamerwoningstel te huur
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723
Seniordalpta@gmail.com



Toerusting

- **Excelsus (Sentrum vir Bedieningsontwikkeling)**
14-18 September
Lentekonferensie
Roetekaart: Van wond tot verwondering
Volledig aanlyn
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex September/Oktoper (datum later bepaal)**
Gesinspretdag en windbukskompetisie
Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
Wenner word aangekondig op die gesinsdag



Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Almagtige God,
ons voorvaders in hierdie land het wel foute gemaak,
maar hulle het ook in diepe geloof
en afhanklikheid van U gelewe.
En ons?
Ons het tegnologiese reuse geword,
maar godsdienstige en morele dwerge.
Ons is ver gevorderd in ons wetenskaplike vooruitgang,
maar primitief in ons geestelike ontwikkeling.
O, ons is wêreldwys in die weë van die wêreld,
maar onkundig oor die weë van God.
Ons leef asof die mens die middelpunt van die heelal is
en skuif U uit tot op die periferie –
as “uitvindsel van vrome fundamentaliste”.
Ons is oorweldigend ryk aan materiële besittings,
maar afgrysig arm aan morele en geestelike kapitaal.
O Here, red ons van morele bankrotskap,
voordat dit te laat is.
Ons vra dit in die Naam van u Seun,
Hy wat die weg en die waarheid en die lewe is.

Richard Halverson

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)